W.18 GROWWE BABERGRAS/ COARSE OXYGEN WEED

(*Lagarosiphon major* (Ridley) Moss ex Wager)

Familie: Hydrocharitaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Growwe babergras is 'n onderwaterplant wat dig bedek is met sterk omgebuigde, lintvormige blare. Dit het ferm stingels wat uit 'n risoom ontwikkel en ongeveer 1 m lank en 3 mm dik is. Die blare is redelik ferm, tot 15 mm lank, 2 tot 3 mm breed en die blaarrand is baie fyn getand. Die ligpienk tot wit blomme is slegs 'n paar mm in deursnee en dryf op die oppervlak. Manlike blomme breek los van die plant terwyl die vroulike blomme aan die plant geheg bly d.m.v. lang, slanke stingels. Die eiervormige vrug is ongeveer 5 mm lank en bevat tot 10 sade.

Verwante spesies

Vyf spesies van *Lagarosiphon* word in Suider-Afrika aangetref. Hulle lyk baie na mekaar maar kan rofweg in twee groepe verdeel word: (1) Plante met sagte, slegs effens omgebuigde blare 0,5-2 mm breed en (2) Plante met fermer, sterk omgebuigde blare 2-3 mm breed. Growwe babergras en *L. ilicifolius* Oberm. behoort albei aan groep 2. Die twee spesies verskil ten opsigte van die getandheid van die blaarrande. By growwe babergras is die tandjies baie klein en in die rigting van die blaarpunt, of die blaarrand is glad. By die ander spesie is die tandjies groter en na buite of in die rigting van die blaarbasis gepunt.

Verspreiding

Growwe babergras kom wydverspreid in die oostelike deel van Suider-Afrika, insluitende Botswana, voor. Die plant is inheems in Afrika maar is na Europa en Nieu-Seeland ingevoer.

Ekologie

Die plant floreer in stilstaande of stadig vloeiende water van 1-2 m diep waar dit 'n digte massa kan vorm. Dit versprei d.m.v. saad en deur regenerasie van klein stukkies van die plant.

Belangrikheid

Growwe babergras kan 'n plaag word deurdat dit plant- en dierelewe in damme en riviere versmoor.

Wetgewing

Hierdie plant, saam met al die ander lede van die familie, is 'n verklaarde skadelike onkruid dwarsdeur die Republiek van Suid-Afrika (Proklamasie 252/1956 (Staatskoerant 2002/2 Nov. 1956) van die Wet op Onkruide (Wet No. 42 van 1937).

Opmerkings

Die wetenskaplike naam is afgelei van die Griekse woorde *lagaros* = slank; *syphon* = buis wat verwys na die lang, slanke buis van die vroulike blom; *major* = groter.



Spesienommer: 0088.000-00300

Literatuurverwysings

GIBBS-RUSSELL, G.E., 1977. Keys to vascular aquatic plants in Rhodesia. *Kirkia* 10(2): 411-502

MUSIL, C.F., 1973. *Water plants of Natal - a guide to the important species*. The Wildlife Protection and Conservation Society of South Africa.

OBERMEYER, A.A., 1966. Hydrocharitaceae, in Codd, L.E., De Winter, B. & Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 1.

SCULTHORPE, C.D., 1967. The biology of aquatic vascular plants. London: Edward Arnold.

WILD, H., 1961. Harmful aquatic plants in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1-66.

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur Perskor vir die Staatsdrukker, Pretoria en verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria

1980